SOUTH DEVONS
PRIME BEEF

South Devons

Nuusbrief | Newsletter • Volume 2 • 2008

DEUTERONOMY 11:13-15

"So then, obey the commands that I have given you today; love the Lord your God and serve him with all your heart. If you do, he will send rain on your land when it is needed, in the autumn and in the spring, so that there will be corn, wine, and olive oil for you, and grass for your livestock. You will have all the food you want."

2008 RAAD/COUNCIL

Back/Agter: *Ian Turnbull (Council member/Raadslid), Dan Kriek (Vise/Vice President), Valana Olivier (Secretariat/Sekretariaat)*
Front/Voor: *Me Lettie Kruger (SA Stamboek/Studbook), Tielman Nieuwoudt (President), Chris Els (Secretariat Manager/Sekretariaat Bestuurder)*
Inlas/Insert: *Bernard Burger (ARC Representative/LNR Verteenwoordiger)*



Tielman Nieuwoudt

from the President van die

Die jaar 2008 staan einde se kant toe, maar baie moet nog gedoen word. Die totale somergraan aanplantings moet nog realiseer, om maar een aspek van die landboubedryf te noem. Dit was 'n besonderse jaar vir die Suid-Afrikaanse boer gewees. Pryse, sowel as opbrengs en produksie, was aan die bo-punt van die kurwe. Ten spyte van moeilike ekonomiese toestande plaaslik en internasionaal lyk landbou in die RSA nog steeds belowend.

Waar ons binnekort die Kerstyd binnegaan, is dit my wense dat u elkeen die vreugde en vrede van Jesus Christus sal ervaar. Mag u en u familie 'n vreugdevolle tyd saam beleef en mag 2009 net die beste vir u as boer inhou.

The year 2008 is speeding towards the end, although a huge amount of work still needs to be done. The planting of summer grain crops still has to materialize to name but one aspect of agricultural activity. This year has been an exceptional year for the South African farmer. Prices, as well as yield and production, were much higher than in recent times. Agricultural prospects still look promising in spite of difficult economic circumstances locally and internationally.

As the Christmas season approaches, it is my prayer that you and your families may all experience the peace and joy of Jesus Christ himself. May you experience a joyful time together and may 2009 be a prosperous year for all farmers.

Reproduksie

SE INVLOED OP SELEKSIE & WINS

Leslie Bergh, LNR-Diereproduksie Instituut, Irene

Hoekstene van reproduksiebestuur

Reproduksie is die basis van die produksieketting en die enkele aspek wat die grootste invloed het op die winsgewendheid van ‘n vleisbeesboerdery. Reproduksiebestuur berus op vier bene, naamlik voeding, kuddegesondheid, selekesie vir vrugbaarheid en paringsbestuur. Alhoewel dit as vanselfsprekend aanvaar word dat goeie rekordhouding die basis is vir die effektiewe bestuur van elk van bogenoemde aspekte, is dit skokkend hoeveel vleisbeesboere baie min, indien enige, reproduksie- en produksierekords hou van hul diere.

Invloed op seleksiedruk

Tabel 1 illustreer die invloed van kalfpersentasie op selesiedruk. Die aannames is dat dit ‘n teelkudde van 100 koeie is, die mortaliteite 3-5% per jaar is, alle nie-dragtige koeie verkoop word nadat dragtigheidsondersoeke gedoen is en ‘n verdere 10% van die koeie jaarliks uitgeskot word op grond van ouderdom, swak prestasie, ensovoorts.

Tabel 1: Die invloed van kalfpersentasie op seleksiedruk.

Kalf %	Vrektes (3 - 5%)	Beskikbare verse	Dragtige verse	Uitskot – Nie gekalf	Uitskot – Oud en ander	Totale uitskot	Surplus of tekort
95	3	46	44	5	10	15	+29
85	3	41	35	15	10	25	+10
80	3	39	31	20	10	30	+1
75	3	36	27	25	10	35	-8
65	3	31	20	35	10	45	-25
55	3	26	14	45	10	55	-41

Die ideaal is om, so gou moontlik nadat die dekseisoen verby is, alle nie-dragtige koeie te verkoop en te vervang met dragtige verse. Tabel 1 toon aan dat, indien die kalfpersentasie onder 80% daal, dit nie moontlik is nie, omdat koeie en/of verse wat nie dragtig is nie, in die kudde gehou moet word om getalle te handhaaf. Doeltreffende seleksie vir vrugbaarheid vereis dus ‘n kalfpersentasie van minstens 80%.

Invloed op wins

Navorsing het aangetoon dat ‘n 10% verbetering in reproduksietempo ‘n kudde se netto inkomste met 8% verhoog.

Tabel 2 illustreer die uitwerking van kalfpersentasie op die jaarlikse bruto inkomste in ‘n kudde waar 20% koeie jaarliks uitgeskot word. Die aannames is dat dit ‘n teelkudde van 100 koeie is, die speengewig van bulkalwers 230 kg is, die van verskalwers 210 kg en die gewig van uitskotkoeie 500 kg. Die uitslagpersentasie van uitskotkoeie is 50%. Die speenkalwers word teen R12,50/kg lewende gewig en uitskotkoeie teen R17.30/kg karkasgewig verkoop.

Tabel 2: Die invloed van kalfpersentasie op die jaarlikse bruto inkomste van ‘n vleisbeeskudde.

Kalf %	Vrektes (3-5%)	Verkoopbare kalwers (Bulle+Verse)	Uitskot koeie	Inkomste – Kalwers (R)	Inkomste – Uitskotkoeie (R)	Totale inkomste (R)
95	3	46 + 26	20	200 500	86 500	287 000
85	3	41 + 21	20	173 000	86 500	259 500
75	3	36 + 16	20	145 500	86 500	232 000
65	3	31 + 11	20	118 000	86 500	204 500
55	3	26 + 6	20	90 500	86 500	177 000

Die berekening toon aan dat indien die kalfpersentasie van 55% tot 95% verhoog word, die bruto inkomste per jaar met R110 000 (62%) verhoog word in ‘n koeikudde van 100 diere. Anders gestel, as die kudde se kalfpersentasie 55% is, verloor die boer R110 000 van sy potensiële bruto inkomste per jaar.

Dit laat jou dink, nê?

SPESIALE *Prestasietoetsklas* VIR BULLE

Die silwer meriete bul, **AC 06-20,** van Attie du Plessis het die South Devon ras tydens die spesiale prestasietoetsklas by die Pretoria Skou verteenwoordig. Dankie aan Attie vir al sy moeite en dat hy weereens die South Devons se naam hoog gehou het.

XIBIT KUDDE

Totale uitverkoping

Beste mede South Devon telers en vriende,

Meeste van my ou rekords wat oor die jare opgegaar was het ek op 'n stadium vernietig, maar indien my geheue my nie in die steek laat nie, het ek gedurende die Pretoria skou van 1982 die eerste keer South Devon beeste gekoop en wel van Mnr. Danver Smart, wie daar beeste geskou het. Net voorafgaande hierdie skou was ek by die Johannesburg skou waar tydens die Nasionale Kampioenskappe, 'n groot aantal South Devons deelgeneem het. Die beeste het my besonder beïndruk en van daar die feit dat ek die paar verse en 'n bul op die Pretoria skou gekoop het.

Die South Devons het my belangstelling geprikkel en het ek op daardie stadium op 'n plaas geboer aangrensend aan die plase waar van die oudste South Devon telers in die land, sover aan my bekend, naamlik Mnr. John Hutton en Mnr. Mark Zuurvogel geboer het. Hierdie persone het egter tot sterwe gekom en was die kuddes in die kommersiële mark opgeneem deur verskeie kopers. Ek het tot die gevolgtrekking gekom dat dit dalk 'n goeie idee sou wees om weer 'n South Devon stoetkudde in die hartwatergebied van ons Limpopo Provinsie te vestig.

Daar was geen ander South Devons te koop in hierdie gebied nie en gevolglik het ek my gewend tot die Hoëveld, waar ek 'n hele aantal beeste van Mnr. Jan Grey se Ungulata Stoetery, asook 'n aantal koeie en kalwers van Mnr Flip Wepener se Dasmeinigen Stoetery in die Vrystaat gekoop het. Soos dit maar gewoonlik gaan moes ek besef dat die stoetboere nie hulle beste diere op veilings verkoop nie en het ek tot die gevolgtrekking gekom dat ek van onderaf sou moes begin. Dit het my tot die besluit gebring om deur Mnr. Brian Price tydens 'n veiling van Mnr. Manie du Toit van Humansdorp, 'n paar beeste aan te koop en te probeer om 'n goeie bul te koop wat 'n mens kon aanwend om jou kudde kwaliteit mee op te bou. Mnr. Brian Price het vir my 'n aantal vroulike diere gekoop, asook 'n bul W171, wat 'n seun was van Manie du Toit se ingevoerde Roskymer Andrew. Hierdie bul het ek met baie groot sukses in my kudde aangewend en kon ek daarin slaag om oor die volgende klompie jare my vroulike kudde heelwat te verbeter. Ek kon ook daarin slaag om weer heelwat South Devon bulle in hierdie gebied te verkoop.

Wat skou aktiwiteite betref, kan ek wel meedeel dat ek slegs gedurende 1990 diere geskou het. Die eerste was by die Pietersburg skou en daarna saam met Johan Henning wie ook intussen tot die South Devon stoetboerdery toegetree het, op Pretoria skou en daarna op die Nasionale Kampioenskappe dieselfde jaar in Johannesburg, waar my bul C106 onderandere 2de gestaan het na die bul van Mnr. Manie du Toit C561. Laasgenoemde is tydens die veiling op die skou vir R45 000 verkoop. In Pretoria en Johannesburg het ek as 'n "rookie" nie skaam gevoel nie en baie goed gevaar.

Gedurende 1994 met die geweldige droogtes wat ons ondervind het, het ek tot die gevolgtrekking gekom dat ek my stoet boerdery moet staak en meer konsentreer op kommersiële beeste. Ek het gedurende April 1994 probeer om die totale stoetkudde uit te verkoop. Pryse was egter sodanig dat nader na die einde van die veiling, ek besluit het om self 'n aantal van die koeie terug te koop en dit dan vir kommersiële doeleindes aan te wend. So het ek na die veiling met 12 koeie gesit en sonder 'n bul. Ek het hierna 'n aantal diere van Wilna van Beek gekoop en was daar weer die behoefte by my om die stoet boerdery op 'n kleiner skaal te hervat. Sodoende het ek voortgegaan en uiteindelik geëindig met die aantal beeste wat ek tydens my totale uitverkoping op 23 Oktober 2008 verkoop het.

Dit was vir my 'n hartseer ervaring, maar soos dit maar met almal in die lewe gaan kom daar 'n tyd wanneer 'n mens sekere besluite moet neem, wat jou lewe en aktiwiteite betref. Nadat ek, afgesien van my ander sake aktiwiteite, reeds vanaf 1965 deeltyds met



boerdery betrokke was, moes dit nou na 43 jaar tot ‘n einde kom.

Dit was vir my verblydend om op te merk, noudat al die sertifikate ingestuur moet word vir oordrag, dat een van ons top telers, Attie du Plessis, ‘n hele aantal van die puik diere uitgesoek het en dat Martha van der Merwe per telefoon ook ‘n aantal puik diere gekoop het. Dit verbly ‘n mens se hart om te weet dat daar van hierdie kudde diere waaraan ek soveel jare gebou, aandag gegee en geselekteer het, wel in die South Devon stoetbedryf behoue sal bly. Ek wil regtigwaar die vertroue uitspreek dat hulle met hulle bekwaamheid goeie resultate sal behaal met die diere wat hulle gekoop het. Laastens wil ek aan al die South Devon telers wie ek oor die jare die voorreg gehad het om te ontmoet en te leer ken my dank uitspreek vir hulle vriendskap en behulpsaamheid. Veral ook aan Tielman en Dan wie oor die laaste paar jare vir my gehelp het met die selektering en keuring van diere wat ek geteel het. Hulle kundigheid en leiding met die keuring het ek opreg waardeer. Op ‘n grappender wyse mag ek meld dat een van die bulle wat nie deur my twee goeie vriende gekeur was nie, en wat ek wel self gekeur het toe op die veiling ‘n baie hoër prys behaal het as die bulle wat wel gekeur was en welke bul as graad-bul verkoop was. Die dinge die gebeur seker maar in die lewe.

Wat betref die veiling mag ek meld dat ek aangenaam verras was met die pryse wat vir die drie-en-half tot vier-en-half jaar oud bulle behaal was. Die drie bulle behaal toe ‘n gemiddelde prys van R25 800. Die hoogste prys was R27 000 wat betaal was deur Mnr. Henk Botha, ‘n kommersiële beesboer van die Vivo omgewing. Dan was ek ook baie bly om te sien dat Attie du Plessis een van my eie keuse bulle XI199 vir hom uitgesoek en aangeskaf het. Sekerlik gaan hierdie bekwame teler puik resultate met hom behaal.

Van die jonger bulle van twee-en-half tot drie jaar insluitende die Graad-bul het verkoop teen ‘n gemiddelde prys van R11 530, terwyl die jonger bulle van twee jaar verkoop het teen ‘n gemiddelde prys van R5 900. Koeie en kalwers is teen ‘n gemiddelde van R7 420 verkoop. Ek is baie bly dat Attie du Plessis een van die uitstaande koeie in die kudde met haar kalf gekoop het teen R9 400 en haar dogter met ‘n kalf teen R9 600. Verder het Martha vd Merwe ook twee uitstaande koeie met kalwers gekoop teen R9 300. Die dragtige koeie het verkoop teen ‘n gemiddelde prys van R6 100 terwyl Attie du Plessis weereens die hoogste prys van R7 300 elk vir twee puik koeie betaal het.

Graag wil ek ook vir Attie du Plessis gelukwens met 6 verse wat na my mening van die beste verse is wat ek nog in my lewe kon teel en welke verse verkoop het teen R8 200. Die jong versies van 12 tot 15 maande het verkoop teen ‘n gemiddelde prys van R4 300, terwyl ‘n paar kalfboek bulletjies van 15 maande verkoop het teen R4 300.

Ten slotte sou ek seker nie ‘n keuse hê dan om te bedank uit die South Devon Beestelers Genootskap nie en wil ek aan alle mede-lede die beste vir die toekoms met hulle ondernemings toewens en glo en vertrou ek dat ons wel nog van tyd tot tyd gesprek sal voer en vriende sal bly.

Met vriendelike groete

Theo Goosen

Oos-Kaap BESOEK



Dan Kriek het gedurende September 'n besoek aan Ian Turnbull in die skilderagtige Barkly-Oos omgewing gebring. Ian & Sharon se bulle, koeie en jong bulletjies was in 'n baie goeie kondisie gedurende die laat winter en was 'n lus vir die oog. Baie dankie Ian & Sharon vir hul gasvryheid tydens ons besoek.

EAST CAPE

Club Sale

Ian Turnbull & John Miller once again had an excellent string of young bulls for sale

JM 06-131: Sold for R28 000
Mick Cordner & Charlie Shone (buyers),
Ian Sheard (auctioneer)

IRT 06-34: Sold for R28 000
Ian Sheard (auctioneer), Barend & Susan v Heerden (buyers),
Ian & Chantelle Turnbull (seller) & Tielman Nieuwoudt

JM 06-20: Sold for R35 000
Chris Sheard (auctioneer), Dan Kriek (buyer) &
John Miller (seller)

Beste

PRODUSERENDE KOEIE 2008

Teler	ID NO	Kalwers	OEK	Gem TKP	RI	GemSpeen	Toekenning
Theo Goosen	XI 960029	9	34	371	110	99	Voortreflik
Ian Turnbull	IRT 980018	7	-	366	116	107	Elite
John Miller	JM 99A201	6	-	367	116	113	Voortreflik
John Miller	JM 99A207	6	-	368	115	101	Voortreflik
Attie du Plessis	AC 950021	10	33	380	110	93	Elite
Attie du Plessis	AC 960026	9	34	380	109	102	Elite
Attie du Plessis	AC 980004	7	35	385	106	108	Superieur
Attie du Plessis	AC 970028	8	34	376	109	107	Superieur
Attie du Plessis	CFLR970010	8	36	390	105	100	Superieur
Dan & Albert Kriek	NDB 950040	11	-	356	118	108	Elite
Dan & Albert Kriek	NDB 970007	7	37	418	99	108	Elite
Dan & Albert Kriek	BL 980045	7	-	380	113	105	Elite
Dan & Albert Kriek	BL 000021	5	-	381	113	107	Voortreflik
Dan & Albert Kriek	BL 000031	5	-	373	114	105	Voortreflik
Dan & Albert Kriek	BL 980007	7	-	379	113	100	Superieur

FARMER'S WEEKLY
Elite Cow IRT 98 18

Congratulations to Ian Turnbull for winning the Farmer's Weekly Elite Cow Award for 2008

SOUTH DEVON
BEESTELERSGENOOTSKAPVANS.A./CATTLEBREEDERS'SOCIETYOFS.A.
Posbus/PO Box 9777 • Bloemfontein 9300
Tel: 051 430 2455 • E-mail: sdevon@studbook.co.za
Website: http://studbook/society/southdevon/

MEMBERSHIP LIST / LEDELYS

NAME	HERD NAME	ADDRESS	TELEPHONE
DU PLESSIS, ACO	ADUVON	PO BOX 313 COLIGNY 2725	018 673 2180 082 891 0202
KRIEK, DJ & JA	BELLARY	PO BOX 86 TWEELING 9820	058 881 0445 082 944 0566
MILLER, JF	WINSTON	PO BOX 88 CATHCART 5310	045 843 1736 083 659 8269
NIEUWOUDT, T	NIEUBADEN	PO BOX 641 SCHWEIZER-RENEKE 2780	082 524 8544
TURNBULL, IR	ANDIRO	PO BOX 134 BARKLY EAST 9786	045 974 9207 082 705 3056
VAN DER MERWE, M NELL, D	NAZARETH	PO BOX 280 VREDE 9835	082 418 1043 082 309 4029
VAN NIEKERK, CK	MAGPELA	P/BAG X830 HARRISMITH 9880	058 625 0063 083 702 3783
VAN ZYL, G & B	JOHSTEP	PO BOX 880 KIMBERLEY 8300	053 833 2322 082 441 1297 083 459 7616

ENDORSED BY 19 SA BREEDERS' SOCIETIES

All African, Angus, Bonsmara, Boran, Beefmaster, Braunvieh, Charolais, Drakensberger, Gelbvieh, Hereford, Hugenoot, Nguni, Pinzgauer, Red Poll, Santa Gertrudis, Senepol, Simmentaler, South Devon, Sussex, Tuli

COMPREHENSIVE HERD MANAGEMENT SOFTWARE

"I would like to congratulate you with an excellent programme – that has, in a very short time, become the programme, which offers the total package to stud & commercial breeders and is suited to currently available technology."

Helmien Hardad for Cardie Kerde Bonsmaras of Transvaalden Berg Trust, Bethlehem

National Winner
ARC ABSA Beef Herd of the Year Award, 2007

NOW WITH GENEPRO BREEDING MANAGEMENT MODULE

WIDELY USED

BeefPro is used by hundreds of commercial and stud beef cattle farmers in 12 countries on 4 continents

- Developed in SA by the ARC with a private software house, BergvlietSoft CC
- Equally suitable for commercial and stud herds
- User friendly MS Windows operating system
- Afrikaans, English, Portuguese and Spanish language options
- Install on more than one computer at no additional cost
- Use for more than one herd at no additional cost
- World wide user support, training and marketing via ARC offices and private agents
- Support SP Structure, ARC, BreedPlan and ASBA protocol and formats
- Performance data processing according to ARC's National Beef Recording and Improvement Scheme
- Various standard and user-defined screens & reports
- Reports can be viewed, printed and stored electronically in various formats
- Electronic data sending & importation including SP notifications, performance data and weights from electronic scales
- Stock registers for animals, vet. medicines, vaccines, semen and embryos
- Powerful search, sort and select functions for fast and easy selection of animals
- Management diary and address list
- Calculate inbreeding coefficients for possible matings
- Integrated GenePro breeding management module (optional)
- Extensive data verification functions
- Easy updating quickly from the internet
- Continuous user driven development and upgrading

BeefPro™

Professional Beef Management Software
Professionele Vleisbeesbestuur Sagteware

Your profit partner!

www.beefpro.net

ARC • LNR
DEVELOPED IN ASSOCIATION WITH THE ARC

Contact Mr. Leslie Bergh for more information:
tel: 27 12 672 9145 mobile: 27 82 801 2026 email: leslie@arc.agric.za